3

# Die Handves

## van Pasiënteregte

Toegang tot inligting



Toegang tot gesondheidsorg-dienste

Regverdige administratiewe optrede

Toegang tot geskikte behuising

Menswaardig-heid, gelykheid en lewe

'n Gesonde omgewing

Basiese onderwys

Toegang tot maatskaplike sekerheid

Vryheid en sekerheid van die persoon

Vryheid van godsdiens, oortuiging en mening

laat jou regte vir jou werk

dit is werd om voor te veg

Staan bankvas en sterk

Goeie gesondheid is jou reg

CC BY NC SA

# Wat is die Handves van Pasiënteregte?

Die Handves van Pasiënteregte van Suid-Afrika is 'n dokument van die Nasionale Departement van Gesondheid. Hierdie dokument beskerm en veg vir jou regte as 'n pasiënt wat die gesondheidsdienste in hierdie land gebruik. Die Handves is al in 1999 opgestel. Dit verduidelik wat jou regte en verantwoordelikhede is wanneer jy vir behandeling gaan na 'n plek waar daar na jou gesondheid omgesien word. Tydens apartheid is mense soms onbeleefd by hospitale en klinieke behandel. Die Handves van Pasiënteregte herinner ons daaraan om respek te hê vir mekaar as verpleegsters, dokters en pasiënte by hospitale en klinieke.

## Die Suid-Afrikaanse Handves van Pasiënteregte

| Regte | Verantwoordelikhede |
|---|---|
| • Om in 'n gesonde en veilige omgewing te woon<br>• Om saam besluite te neem oor hoe daar na jou gesondheid omgesien word<br>• Om toegang te hê tot plekke waar na jou gesondheid omgesien word<br>• Om kennis te hê oor versekering of mediese fondse<br>• Om te kan kies tussen die dienste van plekke wat na mense se gesondheid omsien<br>• Om behandel te word deur 'n opgeleide persoon of 'n goedgekeurde gesondheids instansie<br>• Om jou sake vertroulik en privaat te hou<br>• Om toestemming tot behandeling te gee omdat jy genoeg en die regte inligting het<br>• Om behandeling te kan weier<br>• Om vir 'n tweede opinie na 'n ander gesondheidswerker verwys te word<br>• Om verdere sorg te ontvang<br>• Om te kan kla oor swak sorg | • Om jou gesondheid te beskerm<br>• Om die omgewing te bewaar en te beskerm<br>• Om respek te hê vir die regte van ander pasiënte én vir die regte van die mense wat na jou gesondheid omsien<br>• Om jou inligting oor jou gesondheid te bewaar, soos jou kliniek- of hospitaalkaart<br>• Om die nodige en die regte inligting te gee aan die mense wat na jou gesondheid omsien, sodat hulle presies kan uitvind wat jou makeer, die regte behandeling kan gee, en die regte versorging en berading kan voorskryf<br>• Om die behandeling en/of vereistes vir jou herstel getrou te volg<br>• Om kennis te versamel oor watter gesondheidsdienste daar in jou omgewing beskikbaar is<br>• Om uit te vra oor hoeveel die behandeling en herstel kos, en om die nodige reëlings te tref om dit te kan betaal<br>• Om die gesondheidsdienste wat beskikbaar is reg te gebruik, en dit nie te misbruik nie<br>• Om te sorg dat iemand die plek waarheen jy vir jou gesondheidsorg gegaan het in te lig indien jy sou sterf |



# Hoekom moet jy van die Handves van Pasiënteregte weet?

*Wanneer jy na jou naaste kliniek of daghospitaal gaan sodat jy behandel kan word of medisyne kan gaan haal, help dit jou baie om te weet wat jou regte en verantwoordelikhede as pasiënt is. Dit maak dit vir jou makliker om dokters, verpleegsters en ander pasiënte te hanteer wat onbeleefd of onbeskof teenoor jou optree.*

## Wat kan die Handves van Pasiënteregte vir jou doen?

As 'n pasiënt kan jy dit gebruik om aan te dring op jou reg om goeie gesondheidsorg te ontvang. Dit help om gesondheidswerkers of mense wat gesondheidsorg ontvang bewus te maak van mense se regte. Dit pas die Grondwet en die Handves van Regte toe deur seker te maak jy ontvang gesondheidsorg, kry dieselfde behandeling as ander pasiënte, en daar word voldoen aan jou regte as pasiënt, regte waarop jy geregtig is net omdat jy 'n mens is. Maar jy is ook vir jou gesondheid verantwoordelik. Jy moet byvoorbeeld snags minstens ses tot sewe uur lank slaap, gereeld oefen en elke dag genoeg vrugte en groente eet. Moenie rook of te veel alkohol gebruik nie.



## Wat kan die Handves van Pasiënteregte nie vir jou doen nie?

Die Handves verduidelik nie ander faktore wat tot jou gesondheid as 'n pasiënt bydra nie, byvoorbeeld die kos wat jy eet, die omstandighede waarin jy leef, 'n huis wat aan jou behoeftes voldoen, skoon toilette en toegang tot lopende water. Hierdie regte word in die Handves van Regte in die Grondwet én deur die Nasionale Gesondheidswet, no. 61 van 2003, beskerm.



## By wie kan jy kla as jy voel jou reg op gesondheid word geskend?

Die gesondheidsdienste wat beskikbaar is, moet sorg dat gemeenskappe en bevolkings gesond is, en nie net dat individuele mense gesond is nie. Want as die hele gemeenskap gesond is, kan elke lid van die gemeenskap ook gesond wees. Jy as individu én die hele gemeenskap kan dus klagtes oor gesondheidsorg indien.

- Wanneer jy wil kla oor 'n kliniek, 'n sentrum waar gesondheidsorg vir die gemeenskap aangebied word of 'n daghospitaal in jou omgewing, soek vir die klagteboks en plaas jou klagte daarin. Of gaan praat met die bestuurder van die kliniek of die hoof van die sentrum waar die gesondheidsorg aangebied word.
- Wanneer jy wil kla oor die gesondheidsorg in jou provinsie waarvoor die plaaslike regering verantwoordelik is, bel 021 483 5624, of skakel met: Die Klagtebestuurder, Departement van Gesondheid, Posbus 2060, Kaapstad, 8000
- Wanneer jy wil kla oor die gesondheidsorg waarvoor die nasionale regering verantwoordelik is, bel die nasionale klagtesentrum by 08100 20 14 14.

## Hoe kan dokters, verpleegsters en pasiënte saamwerk?

Dokters en verpleegsters kan jou help om jou gesondheid op te pas, maar jy self bly ook vir jou gesondheid verantwoordelik. Soms moet jy as deel van jou behandeling 'n ander spesialis (bv. 'n dokter, 'n fisioterapeut of 'n maatskaplike werker) by 'n ander hospitaal of kliniek gaan besoek. Wanneer dit nodig is, sal 'n dokter of 'n verpleegster jou na so 'n spesialis verwys. Daar kan jy dan die nodige behandeling ontvang. Só help dokters en verpleegsters pasiënte om te veg vir hulle reg op goeie gesondheidsorg.



Soms behandel dokters en verpleegsters pasiënte onbeleefd. En ander kere is pasiënte ongeskik teenoor gesondheidswerkers. Die Handves is daar om ons te leer om mekaar te vertrou en te respekteer. Jy en jou dokter en/of verpleegster is albei verantwoordelik vir jou gesondheid. As jy jou regte en verantwoordelikhede as pasiënt ken, weet jy dat jy dokters, verpleegsters en ander pasiënte met respek moet behandel. Jy weet ook dat hulle jou met respek moet behandel. Só leer ons om mekaar te vertrou.

laat jou regte vir jou werk
dit is werd om voor te veg
Staan bankvas en sterk
Goeie gesondheid is jou reg

BY NC SA

**Open Democracy Advice Centre (ODAC)**
IDASA Building
6 Spin Street
Church Square
CAPE TOWN
Tel No: 021 461 3096
Fax No: 021 461 3021
odac@opendemocracy.org.za

**The People's Health Movement South Africa**
Tel: 021 4475770
Fax: 021 4475884
Url: www.phmsouthafrica.org
e-mail: coordinator@phmsouthafrica.org

1. Die reg op gesondheid
2. Gemeenskapsbetrokkenheid en die reg op gesondheid
3. **Die Handves van Pasiënteregte**
4. Individuele en gesamentlike regte in openbare gesondheid
5. Toegang tot inligting, en die reg op gesondheid en gesondheidsorg
6. Regte en hulpbrontoekenning

People's Health Movement    UNIVERSITY OF CAPE TOWN    Oxfam

Design and layout by Designs4development, email: info@d4d.co.za